Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak **Francois Genis**, 071 777 9302 of 014 743 0152, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg: *Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

11 Augustus 2017
Nr 28/2017

Warm nuus!

NT vakature gevul

Die vakature vir 'n dosent in Nuwe Testament aan UP is vanaf 1 Augustus gevul deur dr **Hanrè Janse van Rensburg**. Benewens haar akademiese vermoë het sy 'n besondere verhouding met die studente. Sy is aangewys as 2016 se dosent van die jaar, terwyl sy in 'n deeltydse pos by die Fakulteit Teologie was.
Kobus Myburgh skryf soos volg: *"Ons is dankbaar vir die reuse bydrae wat sy reeds in die Departement Nuwe Testament en by Kerkeie Onderrig gelewer het. Ons sien uit om saam met haar te werk"*.

"DinkJeugNoord"

Die Taakspan Jeug beplan 'n **gespreksgeleentheid** op **Dinsdag** ***29 Augustus 2017*** te AcaDeo (Emmerentia Geldenhuys kampterrein), buite Bela-Bela. Dit sal van van **08:30** tot **15:30** duur en *alle predikante en jeugwerkers* word genooi om te kom saam dink, kuier en beplan. Persone wat wil, sou reeds die 28e se aand op die terrein kon oornag.

Kyk asseblief na die video: Besoek https://m.youtube.com/watch?v=1oPPtGwEjjE of https://www.facebook.com/corne.randall/videos/10209811054702491/

Bevestig asseblief jou bywoning vóór *24 Augustus 2017* met die taakspanleier, *Corné Randall* by 072 207 8350 / corne@ngoverkruin.org.za.

2017 Lentekonferensie: Het jy al ingeskryf?

Excelsus se twaalfde Lentekonferensie, **Lente in Bediening en Teologie** vind plaas vanaf ***19-21 September 2017*** by die NG Universiteitsoord en die Universiteit van Pretoria.
Die **inskrywingsfooi** beloop R1050-00 per persoon **(R990-00 indien jou inskrywing en kursusfooi** *vóór 11 Augustus 2017* **ontvang word)**. Emeriti en studente betaal slegs R600-00.
Besoek http://www.excelsus.org.za/lentekonferensie.html om aanlyn te registreer.
Predikante van die Noordelike Sinode wat dit graag wil bywoon, maar wie se gemeentes nie voorsiening maak vir die kostes nie, kan die direkteur, Paul Grobler, kontak by paul@noordsin.co.za.

Sinodale nuus

❖ **Rentmeesterskap**
Die moderatuur het by sy laaste vergadering 'n taakspan vir rentmeesterskap aangewys. Persone wat graag op die taakspan wil dien kan 'n epos stuur aan Hermien by hermien@noordsin.co.za.

❖ **Bybel-lees met 'n verskil**

Die **volgende byeenkoms** vind op ***15 Augustus 2017*** om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: ***Genesis 45:1-15***
** **Navrae:** Fanie Cronjé (083 415 1452) of Kobus Myburgh (083 227 7185)

Kollega nuus

❖ **Innige meegevoel**
Tjaart & Ilze Meyer (Pietersburg-Oos) se seun, **Stian** (27 jaar) is verlede week in 'n fratsongeluk oorlede.
Gustav (GB) Pfeil (emeritus en vroeër leraar van Lusaka) is na 'n siekbed oorlede.

❖ **Siekte/hospitaal**
Hendrik Barnard (Valhalla-Suid) was in die hospitaal.
Harm Bonnema (emeritus en vroeer van Louis Trichardt) ondervind tans ernstige gesondheidsprobleme.

❖ **Verjaarsdagwense** *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*
20/08 Corné Bootha [Magalieskruin, 082 786 4834, priester79@gmail.com]
****
21/08 Estie Powell [Montana, 082 305 4444, bennie@ngmontana.co.za]
25/08 Danita Ferreira [Pretoria-Tuine, 012-379 1115, daniemferreira@gmail.com]

Gemeente nuus

❖ **Verjaarsdae: Baie geluk!**
Florandia [Gestig 25/08/1974]

❖ **Pierneef**: **Moot Makietie 2017** – *Vir die hartklop van die Moot, ons kinders...*
Hierdie jaar is dit 'n Moot Makietie met 'n ander inslag – daar gaan makietie gehou word saam met die bekende **ADAM TAS!**
Datum: ***26 Augustus 2017*** – hekke open om 15:00 – voorsangers vanaf 16:00 en Adam Tas om 19:00
Waar: Hoërskool Hendrik Verwoerd, A-Rugbyveld, h/v Pierneefstraat en Fratesweg.
Toegang: R100 per persoon [voorskoolse kinders gratis. Bring eie stoel om kombers. Verskeie kosstalletjies en kleuter/kinderhoekie met toesig. Veililige parkering met sekuriteit.

❖ **Jan Niemandpark** bied aan: **Kraakvars Classics** - 'n opwindende nuwe lig-klassieke musiekproduksie vir die kieskeurige musiek- liefhebber.
- Die konsert vind op Sondag, ***27 Augustus 2017*** om 16:00 by Atterbury Teater.

Versoek aan gemeentes: Dit sou baie waardeer word indien die *aangehegte grafika* ingesluit kan word by die gemeente se weeklikse afkondigings wat tydens die eredienste vertoon word. Klik hier vir volblad grafika - 200KB JPG.

❖ **Wespoort: Karnaval**
Datum: Saterdag, ***9 September 2017***

'n Hartlike uitnodiging om die dag saam te kom geniet – baie te eet en drink! Springkasteel en skattejag met baie pryse!
Adres: Morkelstraat 77, Dannville

Ander nuus

- **Hervormde Kerk vier 500 jaar van Kerkhervorming**: **Uitnodiging aan NG gemeentes in en om Pretoria**
  Hiermee die program wat die NHK aanbied as deel van hulle Reformasie500 - vieringe. Hulle nooi NG gemeentes in en om Pretoria na die geleentheid op 16 Aug. Die NHK is deel van die TKR en werk saam met die NGK aan 'n aantal geleenthede rondom die Reformasie500 – vieringe
  Datum: Woensdag ***16 Augustus 2017***
  Tye: 9:00 – 14:00 en 18:30 – 20:00
  Plek: Gemeente Pretoria-Oos
  Organiseerders: *Tydskrif vir Hervormde Teologie* en Hervormde Teologiese Kollege [Kliek hier vir die volledige program]

- **Petra Instituut: Opleidingsgeleentheid - Wil jy graag 'n verskil in kinders se lewens of jou eie kinders se lewens maak?**
  Tema: *Betree die leefwêreld van 'n kind.*
  Datum: Maandag, ***14 Augustus*** & Maandag, ***21 Augustus*** om 18:30
  Waar: NG Gemeente Pierneef
  Kostes beloop R100.
  Inligting en besprekings: Kontak ds Paullet Grobler [071 362 6810] of ds Rehan Rheeder [083 288 7756].

- **Die Afrikaanse Taalraad (ATR) - Uitnodiging**
  Seminaar oor Afrikaans as geloofstaal
  Datum: *19 Augustus 2017* om 14:00
  Plek: Diep in die Berg, Disselboomlaan 929, Wapadrand, Pretoria, 0050
  Program:
  Gespreksleier: Prof Nico Botha (UNISA)

14:00 – 14:15:	Opening, verwelkoming & bekendstelling van die ATR - Dr. Conrad Steenkamp (ATR)
14:15 – 14:30	Taal en religie: 'n sosiolinguistiese perspektief - Prof. Anne-Marie Beukes (ATR, UJ)
14:30 – 15:00	Afrikaans in die Katolieke Kerk - Vr. Vernon Donald Mackaskill Meyer (Afrikaanse Taal Pastorale Streek, Die Oratorium, Oudtshoorn)
15:00 – 15:30	Bespreking: Afrikaans as geloofstaal
15:30 – 15:45	Samevatting, die pad vorentoe - Dr. Hendrik Theys (ATR, KSUT)
15:45 – 16:15	Afsluiting en kuiertyd

  RSVP: *10 Augustus*: Marekyn Kruger-Evert (atr@afrikaansetaalraad.co.za/012 543 3664/082 370 8226)

- **Excelsus nuus:**

  Kursus: **Pastoral Care and Counselling**
  Dates: ***14-16 Aug 2017, 2-5 Oct 2017, 5-8 Feb 2018, 15-19 Apr 2018, 27-30 Aug 2018***
  Modules: Narrative approach to counselling, relationship counselling, trauma counselling, focused counselling, congregational pastoral counselling.
  Cost: R5 000 for 5 intensive contact sessions
  Location: Hospivision Training Centre, Tshwane District Hospital, Pretoria
  Contact: Hesmarie Bosman, tel 012 420 4952

  Kursusse: **Aangebied deur Harm Knoop, Nederlandse skrywe en Jungiaanse sielkundige** (*Kyk ook* www.harmknoop.nl.*)*
  Jung, religie en 'n nuwe (maar o so oue spiritualiteit) - ***21 en 22 Augustus 2017*** (12 VBO-punte en 10 VBO-punte vir voltooiing van die opdrag).
  Plek: Stellastraat NG-Kerk, Brooklyn
  VBO-punte: 12 punte vir bywoning en 10 punte vir voltooiing van die werkstuk

Koste: R550 per persoon per dag.**Predikante R350 per dag.** Meld net jou naam, gemeente en kursus wat jy bywoon.
Verversings word voorsien. Middagete kan vir aflewering bestel word.
Bespreek by drpietmuller@gmail.com deur R350 te betaal in rekening van Sindikom-dienste Bk, Absa Brooklyn, takkode 362005, Spaarrekening 38099720074

Rou en Verlies-begeleiding - ***18 en 19 Augustus 2107*** (9 VBO-punte en 10 VBO-punte vir voltooiing van die opdrag)
Plek: Stellastraat NG-Kerk
Doel: Om insig te verkry in ons eie roustyl en omgang met pyn.
Werkwyse: 'n Belangrike werkwyse wat ons gebruik is "Inquiry"/selfondersoek
Prys: R550 per persoon per dag. **Predikante R350 per dag** . Meld net jou naam, gemeente en kursus wat jy bywoon.
VBO-punte: 9 punte vir bywoning en 10 punte vir voltooiing van werkstuk.
Verversings sal voorsien word. Middagete kan vir aflewering bestel word.
Bespreek by drpietmuller@gmail.com deur R350 te betaal in rekening van Sindikom-dienste Bk, Absa Brooklyn, Takkode 362005. Spaarrekening 38099720074

Leef jou eie lewe (Oor religie, mites, Jung en ons self) - ***24 en 25 Augustus 2017*** (12 VBO-punte en 10 VBO-punte vir voltooiing van die opdrag).
Plek: Stellastraat NG-Kerk
Koste: R550 per persoon per dag. **Predikante R350 per dag**. Meld net jou naam, gemeente en kursus wat jy bywoon.
Verversings sal verskaf word. Middagete kan vir aflewering bestel word.
Bespreek by drpietmuller@gmail.com deur R350 te betaal in rekening van Sindikom-dienste Bk, Absa Brooklyn, takkode 362005, Spaarrekening 38099720074

Neem asseblief kennis dat die prys vir ***blokbespekings van vyf of meer persone R350 per dag is***. Vir hierdie doel kwalifiseer alle predikante vir die laer prys. Hulle moet net die naam van die kursus, hul eie naam en hul gemeente se naam meld waneer hulle bespreek, om vir die laer prys in aanmerking te kom.
Vir enige verdere navrae of kursusbesprekings, kontak asseblief vir Piet Muller by Bespreek by drpietmuller@gmail.com

Kursus: **Annual SAAM [South African Association of Mediators] Conference [12 VBO punte]**
Dates: ***23 & 24 August 2017***
Venue: Rosebank Union Church, William Nicol Drive, Parkmore, Sandton
Registration and final payment to be made by the 7th of August 2017
Information:
Day one – conference: http://saam.co.za/downloads/annual-saam-conference-day-1.pdf
Day two – workshop: http://saam.co.za/downloads/annual-saam-conference-day-2.pdf

Kursus: **Brugbediening**
Kursus koördineerders: Malan Nel en Howard du Toit
Plek: Universiteit van Pretoria
Registrasie kode: P001151
Week 1: ***28-31/08/2017***; **Week 2:** ***06-09/11/2017***
Kursus koste: R1 900 (VAT inkl)
Inskrywings: Kontak vir Hesmarie Bosman by 012 420 4952.

Kursusse wat gedurende **September** deur die Universiteit van Pretoria gereël word:
U kan vir die volle tyd die betrokke kongres bywoon; dit is egter ook moontlik om slegs vir 'n enkele dag te registreer.
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Nabye Oosterse Studies (SAVNOS):
Datum: ***5-6 September 2017***
Plek*:* NG Universiteitsoord
VBO-punte: 9 punte

Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suidelike Afrika (OTWSA)

Datum: ***6-8 September 2017***
Plek: NG Universiteitsoord
VBO-punte: 15 punte

Registrasie kan tot Maandag *28 Augustus* plaasvind: http://www.otwsa-otssa.org.za/conferences/pretoria-2017/
Indien u betaling per EFT doen, **Stuur asb bewys van betaling aan:**
Dr. Jo-Mari Schader by jo-mari.schader@up.ac.za

Uitnodiging: **Konferensie aangebied deur die Fakulteit Teologie, Univ van Pretoria**
Tema: **"Maak oop die hekke vir 'n nuwe perspektief op versoening"**
Datum: 7 September 2017
Lesingsaal: Eeufeeslokaal, Fakulteit Teologie, Univ van Pretoria
Sprekers: prof Johan Buitendag; dr Frank Chikane; prof Piet Meiring en prof Nico Koopman
RSVP: Anchen November by anchen.november@up.ac.za teen *20 August 2017*
Navrae: Anchen November (012)4202669
Plek vir 60 persone

❖ Nasionale Vroue-konferensie 2017: *Vroue uit al die sinodes word hartlik hierheen genooi!*

Die NGK Vroue Taakspan hou vanaf ***8-9 September 2017*** 'n **Nasionale Skittervroue konferensie** in Bloemfontein.
Tema: *Die wonderwerk van vreugde*
Koste: R500,00 (etes ingesluit)
Inskrywings - Klik hier om te registreer vir **Skittervroue**
Verblyf: R190.00 [(B&B) Oranje Meisieskool: e-pos: elizabethleroux@ gmail.com

❖ Nuusbriewe

- **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za]
  Hierdie week is die fokus op die jongste ***Kerkbode***. [Lees hier verder]

- **CLF-nuus** [Besoek www.clf.co.za]
  Hierdie kompetisie sluit op ***31 Augustus 2017*** en inskrywings en foto's moet gestuur word aan hedwig@clf.co.za of skakel 021 864 3707 vir enige vrae.

❖ Kursus in Spirituele Begeleiding: 2018

Die kursus, aangebied deur die Ring van Suidoos-Pretoria, word oor 15 maande in 7 blokke aangebied, die eerste en tweede laaste by 'n retreat-sentrum naby Pretoria, en die res by die NG Kerk Stellastraat in Brooklyn, Pretoria.
Die datums vir 2018 is die volgende: ***18-23/2; 10-12/4; 5-7/6; 14-16/8; 16-18/10*.**
Lees die volledige dokument hier...
Vir ander navrae, stuur asseblief 'n e-pos na wnicol@mweb.co.za of kontak hom by 083 966 7831.

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Ons land
- Waternood in die Kaap

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Algemene Sinode: **Vakature – Finansiële beampte**
Posisie: Boekhouer
Minimum kwalifikasies (essensieel): Matriek

Kwalifikasies (aanbeveel): Toepaslike Tersiêre kwalifikasie
(Bv. Diploma in Boekhouding, Toepaslike Tersiêre kwalifikasie)
Minimum toepaslike ondervinding (jare):
• Ten minste 10 jaar toepaslike ervaring van boekhouding tot op proefbalans vlak
• Ten minste 5 jaar ervaring in die NG Kerk omgewing sal 'n sterk aanbeveling wees
Aansoeke
Volledige cv's kan gestuur word aan: Sophia de Kock sophiadk@ngkerk.org.za
Navrae kan gerig word aan: Pieter van Rooyen pieter@clshr.co.za
Sluitingsdatum vir aansoeke: ***25 Augustus 2017***

[Lees die volledige inligting hier...]

2016 Proponente

Kontakbesonderhede van die proponente wat in 2016 gelegitimeer is:

- *Eddie Brown* [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
- *Antje du Plessis* [Kontak haar by 078 095 0616; antjeduplessis@gmail.com]
- *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
- *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
- *Anandie Vosloo* [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

❖ Vakatures in Kerkbode geadverteer

Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

❖ Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help – Kliek hier

Ten slotte

BYLAES

Program: Reformasie 500

Die **Hervormde Kerk** vier die 500 jaar van kerkhervorming tydens 'n uitsonderlike geleentheid. Gemeentes in en naby Pretoria word uitgenooi na die volgende geleentheid:

Dag: Woensdag ***16 Augustus 2017***
Tye: 9:00 – 14:00 en 18:30 – 20:00
Plek: Gemeente Pretoria-Oos
Organiseerders: *Tydskrif vir Hervormde Teologie* en Hervormde Teologiese Kollege

Program oggendsessie:
9:00 – 9:10 Verwelkoming en samesang: Ds Hannes van der Merwe
9:10 – 10:00 Massa-Bybelstudie oor die waarheid van die evangelie (Galasiërs): Dr Gafie van Wyk
10:00 – 10:20 Tee
10:20 – 10:30 Samesang
10:30 – 11:00 Martin Luther – 'n lewe met die Bybel: Prof Natie van Wyk
11:00 – 11:25 Martin Luther se etiek: Dr Elritia le Roux
11:25 – 11:55 Herdenking van die Reformasie in 1917: Dr Hennie Botes
11:55 – 12:20 Kerk en staat by Luther: Dr Johan van Staden
12:20 – 12:40 So het Hervormers die Hervorming in die 20ste eeu herdenk: Ds Johann de Bruin
12:40 – 13:00 Adrianus van Selms, Luther en Melanchthon: Dr Piet Boshoff

Program aandsessie:
18:30 - 18:35 Verwelkoming: Dr André Ungerer
18:35 - 18:45 Fantasie op 'n Vaste Burg is onse God: Pieter van den Berg
18:45 – 19:15 Voordrag oor Romeine 1:16-17: Dr Piet van Staden
19:15 – 20:00 Kort inligting oor agtergrond en inhoud van vyf Luther-gesange: Prof Natie van Wyk
Helene Ceronio sing die oorspronklike melodie en teks van: *Ein neues Lied wir heben an* / Ons sing 'n nuwe lied; *Nun freut euch lieben Christen gmein* / Verheug julle gemeente van Christus; *Vom Himmel hoch, da komm ich her* / Ek kom vanuit die hoogste hemele; *Ein feste Burg ist unser Gott* / 'n Vaste Burg; *Vater unser im Himmelreich* / Ons Vader wat in die hemel is.
Die gemeente sing drie van die gesange saam uit die Liedboek (Ges 476; 360; 267).

Kontakpersone: Dr André Ungerer (andre.ungerer@up.ac.za; ds Hannes van der Merwe (hannes@pretoriaoos.com); prof Natie van Wyk (hto@mweb.co.za).

Versoek: Laat weet asb hoeveel persone uit die gemeente die geleentheid gaan bywoon.

Terug

Bybel-Media Nuusbrief 13/2017

Lees in die jongste Kerkbode ...

In Kerkbode van 11 Augustus is daar twee verhale van gemeentes wat grense oorsteek. In een geval het die gemeente bedienings vir Chinese en Sotho-lidmate naas die tradisionele Afrikaanse bediening. In die ander verhaal het die tieners van 'n voorstedelike NG gemeente in Pretoria 'n vakansieprogram gehad saam met tieners uit die VGKSA in Ivory Park en hul eie soort "potjiekos" gemaak.
Kerkbode vertel ook twee verhale van mense wat ander se lewens verryk. Die een is 'n Vrystaatse orrelis wat haar liefde vir musiek met mense van alle kleure en geure deel. Die ander is 'n dominee wat mense help om 'n Johannes 10:10-lewe te lei.

Lees verder die verhaal oor vredesgebede wat die wêreld help verander het en wat afgevaardigdes na die Wêrelgemeenskap van Gereformeerde Kerke kon hoor.
Daar is ’n verhaal wat vertel hoe die NG gemeente Lux Mundi ’n baken van lig geword het vir ’n mens wat moed verloor het.
Lees ook oor ...

- die konferensie oor Skrifgesag en Skrifgebruik wat op Brits gehou is,
- oor die vergadering van die NG Kerk se Afrika-familie wat in Kempton Park gehou is en
- van twee boeke wat daar bekend gestel is.

>e-Kerkbode: Naas die harde kopie van Kerkbode is ‘n elektroniese weergawe ook beskikbaar. Teken **gratis** in by: www.kerkbode.co.za en ontvang die kerknuus kraakvars op jou rekenaar.
>Kerkbode - app: (Android selfone, tablette en Apple iPhone en iPad).
Die *app* is **gratis** beskikbaar by *Google Play* en Apple se *App Store*, en kan maklik opgespoor word deur vir die sleutelwoord "Kerkbode" te soek.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Terug

Ring van Suidoos-Pretoria: Sentrum vir Spiritualiteit, Meditasie en gebed & Excelsus

Kursus in Spirituele begeleiding [15 maande]

DOEL
Die HERE gebruik ons spirituele dissiplines (geloofsgewoontes) om ons te leer om nader aan Hom te leef. Spirituele begeleiding is een vd waardevolste geloofsgewoontes. Oral in die kerk vind gelowiges dat dit vir hulle heiliging baie help om ’n begeleier te hê wat hulle gereeld besoek. Dis ’n persoon met wie jy alles kan praat wat jy wil, wat getuie is van jou lewe en jou pad met die Here, teenoor wie jy “accountable” voel, wat jou help om duideliker te sien waarmee die Here in jou lewe besig is.

Maar daar is ’n groot tekort aan spirituele begeleiers in ons land. Die wyse waarop die werk gedoen behoort te word, is ’n kuns wat wêreldwyd in die kerk ontwikkel het en wat aangeleer en ingeoefen moet word. Dit oorvleuel in ’n mate met pastoraat en sielkundige terapie, maar dit het 'n unieke karakter.

Die doel van hierdie kursus is om deelnemers te help om die kuns van spirituele begeleiding aan te leer. Die klem val op die deeglike inoefening van die teorie.

Omdat die persoon van die begeleier so ’n belangrike rol in die proses speel, geniet persoonlike en spirituele ontwikkeling ook deeglike aandag. Die benadering is psigo-spiritueel.

Die kursus sorteer soos die afgelope vyf jaar onder die Sentrum vir Spiritualiteit van die Ring van Suidoos-Pretoria van die NG Kerk, maar skakel ook in by Excelsus, die Sentrum vir Verdere Bedieningsontwikkeling (VBO) by die Universiteit van Pretoria. Predikante kan 150 VBO-punte verdien.

Ons betrek nie net predikante en lidmate van die NG Kerk by die kursus nie. Die boeke wat ons voorskryf kom ook uit verskeie dele van die Christendom, ook uit die Rooms-Katolieke wêreld. Die spiritualiteit waaraan ons jou blootstel, neem jou op pad en is wyer as die tradisionele spiritualiteit van die Afrikaanse Susterkerke.

Ons is besig om al die spirituele begeleiers wat opgelei is en beskikbaar vir begeleiding op ons webtuiste bekend te maak. Kyk gerus by www.sentrumvirspiritualiteit.co.za .

AANBIEDERS
Suster Mary Fisher, Franciskaanse non wat 2013 terug is na die VSA, het hierdie benadering vier keer in ’n tweejaarkursus aangebied. Al die aanbieders het by haar geleer en Willem Nicol was vir die laaste drie kursusse haar mede-aanbieder. Daar is reeds altesaam 113 begeleiers in hierdie kursusse opgelei.

Kursusleier: dr **Willem Nicol**, vryskut-predikant van die NG Kerk verbonde aan Stellastraatgemeente. Willem was 33 jaar ’n studenteleraar van die NG Kerk in Pretoria. Hy het twee doktorsgrade, een in Nuwe Testament en die ander in Sistematiese Teologie. (Navrae kan gedoen word by wnicol@mweb.co.za). Sy ervaring met die ontwikkeling van diep spirituele groei word oorgedra deur verskeie boeke, retreats en kursusse.

Ds **Stefan Botha** van die NG Kerk Andrew Murray, Pretoria. Hy is predikant van die NG Kerk sedert 2001. Hy het 'n M-graad in kliniese pastoraat, baie ervaring van spreekkamerwerk, en funksioneer sedert 2007 ook as spirituele begeleier.

Mev **Suzette Fischer**, lidmaat van die NG Kerk Stellastraat, Pretoria en gekwalifiseerde Enneagram-spesialis met baie ervaring in die aanbieding van die Enneagram aan Afrikaners. Sy is ook al vir etlike jare 'n spirituele begeleier.

Mev **Nicolin Hoffman**, leidende lidmaat in die NG Kerk Pretoria-Oosterlig en ervare aanbieder van kursusse wat mense help om hulleself en hulle kreatiwiteit dieper te ontdek. Sy funksioneer sedert 2009 as spirituele begeleier en is voorsitter van die subkomitee van die Sentrum vir Spiritualiteit wat opgeleide begeleiers saamsnoer en help om voornemende begeleides met Begeleiers in kontak te bring.

Mev **Joke Nicol**, lidmaat van die NG Kerk Stellastraat, Pretoria. Maatskaplike werker wat spesialiseer in verhoudingsterapie met 'n privaat praktyk vir die laaste 34 jaar. Sy het ook 'n graad in Teologie. Sy doen spirituele begeleiding.

Dr **Marina Strydom**, predikant van die NG Kerk Pretoria-Oos sedert 2000. Sy funksioneer sedert 2009 as spirituele begeleier en werk met passie om die kontemplatiewe kant van haar gemeente op te bou, veral deur die kursus en beweging *Viam Dei.*

Ds **Immanuel van Tonder** van die NG Kerk Lynnwood. Hy is predikant van die NG Kerk sedert 1994 en funksioneer sedert 2007 as spirituele begeleier. Hy is die voorsitter van die Ring se Sentrum vir Spiritualiteit. Immanuel is entoesiasties en ervare in die begeleiding van groei in persoonlike spiritualiteit en om met deernis volbewus te leef (mindfulness).

INHOUD

1. Die teorie van moderne spirituele begeleiding en die intense, aanhoudende inoefening daarvan. Ontwikkeling van jou luister-vaardighede. Ons help jou om 'n spirituele begeleier te kies wat jy gereeld sien.
2. Jou eie pad met die HERE. Uitbou van jou geloofsgewoontes (spirituele dissiplines). Jou innerlike transformasie. Bewus leef in die aanwesigheid van en nader aan die HERE. Besluitneming. Een van die blokke is 'n begeleide retreat bestaande uit vyf dae stilte onder leiding van 'n begeleier wat jy elke dag sien.
3. Verdieping van jou self- en mensekennis, onder andere m.b.v. die Enneagram waarmee ons deurlopend werk. Lg. is 'n baie nuttige instrument om die praktyk van die heiliging beter te verstaan. Dit word tans wêreldwyd in die kerk baie gebruik en het die begeleiers wat reeds opgelei is, uitmuntend gehelp. Spesiale aandag aan emosies. Bewuswording van die fyn wisselwerking tussen jou inherente kreatiwiteit en spirirualiteit.

DATUMS

Die kursus word oor 15 maande in 7 blokke aangebied, die eerste en tweede laaste by 'n retreat-sentrum naby Pretoria, en die res by die NG Kerk Stellastraat in Brooklyn, Pretoria. Die datums vir 2018 is die volgende:

- 18-23/2
- 10-12/4
- 5-7/6
- 14-16/8
- 16-18/10

Die datum vir die afsluitende blok op 'n retreatsentrum in 2019 sal later vasgestel word.

KOSTES

Onderrig: R8000 (betaalbaar as deposito van R500 plus drie paaiemente van R2500 versprei oor die drie finansiële jare waarin die kursus val en betaalbaar voor 28 Feb 2018 en 31 Jul 2018 en 12 Mrt 2019).
Die totaal vir akkommodasie direk betaalbaar aan drie retreatsentra vir 14 dae: begroot ongeveer R6500.
Betalings direk aan jou begeleier: ongeveer R330 per maand.

BELEWENISSE VAN KURSUSGANGERS DEUR DIE JARE

Gavin Meistre, predikant NG Kerk Garsfontein, Pretoria:

> Die inhoud van hierdie kursus het soos 'n baie sagte, deurdringende lentereën in my binneste kom val en ongedagte moontlikhede oopgemaak om die ware en vrye lewe van Christus te koester. Dit het my op 'n roete geplaas waarop ek nooit sal kan terugkeer nie. Ek het opnuut besef, voordat ek ander kan lei, moet ek eers in my diepste wese – restourerend en genesend - tot rus kom by my Maker en Leier. Die kursus het ook besondere dimensies bygevoeg tot my manier van wees en doen. Ek is nou ryker as ooit tevore – skatryk! En hiermee wil ek wees en doen vir Hom, vir myself en ander om my.

André van Niekerk, predikant NG Kerk Waterkloof, Pretoria:

> Die kursus lei my om verby die onnadenkendheid van fundamentalisme en die leegheid van relativisme naby aan God te leef. Wat 'n verligting is dit nie vir my nie!

Derick du Toit, predikant NG Kerk Villieria, Pretoria:

> Ek wil die kursus graag aanbeveel spesifiek vir elke predikant. Ek het al baie kursusse en seminare bygewoon. Tog is die blywende impak en verandering in lewenstyl en bediening maar min. Ek wil graag getuig dat die wyse waarop die kursus aangebied word waarskynlik die mees blywende veranderings van al die kursusse veroorsaak

het. My eie lewensperspektiewe is baie verruim asook élke kontak met mense – gesprekke en preke het ’n diepte-dimensie en sensitiwiteit bygekry wat my bediening verdiep en verryk.

Fanie Cronje, predikant NG Kerk Riviera, Pretoria:

Ek het om twee redes aansoek gedoen om die kursus in Spirituele Begeleiding te doen. Enersyds het ek onvergenoegd gevoel t.o.v. my pastoraat aan lidmate. Ek het beleef dat ek mettertyd in my pastoraat in ’n kwasi-sielkundige ontwikkel het eerder as om waarlik met ’n geestelik-spirituele ingesteldheid na mense te luister. My hoop was daarop gerig dat ’n kursus in spiritualiteit my uit hierdie situasie sou kon stuur. Andersyds het ek oor ’n tyd lank besef dat al die praktyke en kennis wat my in die verlede gehelp het om betekenisvol as gelowige te leef, hulle trefkrag in my persoonlike lewe verloor het. Andermaal was my hoop op die kursus in spirituele begeleiding om my ook uit dié situasie te bevry. Vandag kan ek getuig dat die kursus in spirituele begeleiding in beide gevalle my stoutste verwagtinge oortref het. Ek beleef inderdaad dat my pastorale werk in die gemeente, maar ook my eie (geestelike) lewe vandag op ’n totaal ander vlak as 18 maande terug lê. Skielik bevind ek my in hierdie fase van my lewe op ’n punt waar ek ’n besonder gevoel van vervulling beleef. Ek dink die kursus in spirituele begeleiding het hierin ’n beduidende rol gespeel.

Christo Louw, predikant NG Studentekerk Bloemfontein:

Die kursus het ‘n geweldige groot verdieping gebring in die verstaan van myself, van ander en veral ook van God se pad met my. Ek is opgewonde om meer effektief ‘n ruimte te kan skep waarin God ook in ander se lewe kan werk. Ek staan verstom oor die rykdom van menswees wat God wil hê dat ek moet ontdek! Wens ek kon die kursus 30 jaar vroeër doen.

Fransie Hancke, leidende gemeentelid, Cullinan:

Ek ervaar dat die kursus my baie gehelp het op my eie pad na heelheid en Vryheid, maar dat dit my ook toerus en vrymoedigheid gee, om vir ander te begelei op hulle eie pad van heel wording en Vryheid. Amper iets van, as dit vir my kan werk, dan defnitief ook vir ander en ek wil dit so graag ook aan ander gee. So mense vir wie ek aanbeveel om die kursus te doen, is die wie bewus is van hulle eie en ander se seer en gebrokenheid en wat smag na heling vir hulself en ander.

Nerene Grobler, predikantsvrou Universiteitsoord:

Die kursus het die kuns van Spirituele Begeleiding op so 'n praktiese manier vir my oopgemaak, terwyl die persoonlike geestelike groei wat ek ervaar het, moeilik onder woorde gebring kan word. Die bekwame span aanbieders is elk 'n meester in sy/haar veld - ek is jammer die kursus hou nie vir jare aan nie!

Hermann Kuschke, in die bediening, Anglikaanse Kerk, Witrivier:

Die tegniese en praktiese sy van Begeleiding is deur uiters bekwame en geesvervulde praktiserende Spirituele Begeleiers aangebied - almal op die voorpunt van hierdie dissipline en dit het my 'n stewige grondslag gegee.

Die grootste bonus van hierdie kursus was die ontdekking en ontwikkeling van 'n meer kontemplatiewe spiritualiteit in my persoonlike lewe.

Ek het sielsvriende gemaak met die lede van die groep en was dankbaar dat mense na die diep geheime van my hart geluister het sonder om te oordeel.

Deurdat ek my eie Spirituele Begeleier vir die kursus moes kry, het ek 'n wonderlike spirituele reisgenoot ontdek, wat 'n groot rol in die ontwikkeling van my eie bediening speel.

Heidi Kuschke, eiendomsagent en huisvrou, Witrivier:

Die kursus het vir my denke oor God en my Godsdiens vergroot en vernuwe.

Die feit dat ek die kursus saam met my man kon beleef, het my huwelik verryk en verdiep.

Helena Smith, sielkundige, Pretoria:

Die kursus lê nie alleen die teoretiese kant van spirituele begeleiding bloot nie, maar ook die praktiese toepassing daarvan. Dit bied wonderlike leer-geleenthede; nie net betreffende die benadering nie, maar ook hoe jy as instrument tydens die begeleidingsproses die Here se werk help volvoer. Die kursus beteken vir my as mens ongetwyfeld baie, ek begin om op ander en nuwe maniere na myself, mense om my en my omgewing te kyk. Ek het aspekte in myself ontdek waarvan ek onbewus was en herken 'n nuutgevonde innerlike vrede en vertroue in myself wat my meer oop en vry laat leef.

Jannie Richter, emeritus, tot onlangs predikant, NG Kerk Barclay-Oos:

Vir my was hierdie kursus veel meer as net nog ’n kursus. Dit was n gawe van God self om my deur moeilike tye te begelei. Op minstens vier maniere is my lewe op ’n nuwe koers gestuur:

1. Geestelike dissiplines het vir my ’n manier geword om vas te hou wanneer ander vashouplekke wegval.
2. Ek het met nuwe oë na God begin kyk. Daar is nou vir my baie meer vreugde in bevryding in my verhouding met Hom as voorheen.
3. Die insig wat ek in my eie geestelike stryd gekry het en dié van ander, maak dit al makliker om vrede en vervulling te ken.
4. Die samesyn met die ander reisgenote laat my my medemens ander sien. Dit is toenemend ’n vreugde om ander op hulle eie lewensreis te ontmoet.

Mag nog baie ander só verryk word!

Marita Roos, chemikus, gim-instrukteur en huisvrou:

Hierdie kursus neem jou op ‘n ongelooflike, lewensveranderende reis terwyl jy toegerus word as spirituele begeleier. Asof dit nie genoeg was nie, was daar ‘n heerlike, onverwagte bonus: kosbare nuwe sielsvriende! Moenie hierdie kursus misloop as jy die sagte Stem nou in jou hart hoor praat nie…

INSKRYWING
Aansoeke sluit 30 September 2017 en keuring word indien moontlik op die skriftelike voorleggings gedoen met behulp van referente en onderhoude waar nodig.
Die eerste 25 aansoeke word aanvaar en daaruit word 13 gekeur. Kennisgewing van die uitslag: voor die einde van Oktober.

Prosedure:

- Sms of epos Willem Nicol by wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831 om seker te maak dat jy dit haal binne die eerste 25.
- Betaal dan R500 deposito (terugbetaalbaar) in die volgende rekening:
  NG RING, ABSA, 9328323743
- Merk die betaling soos volg: SS11, van, noemnaam.
- Stuur 'n bewys van betaling aan Willem by wnicol@mweb.co.za
- Epos voor 30 September vir Willem 'n dokument waarop jy punt 1-5 invul en kortliks skryf oor punt 6-11:

1. Noemnaam en van:
2. Eposadres:
3. Telefoonnommers:
4. Twee referente met hulle kontakbesonderhede:
5. Dui vir ons in alle erns aan of jy die volgende onderneming gee:
   Hiermee onderneem ek om, indien ek gekeur word,
   a. *alle sessies van die kursus by te woon*
   b. *gereeld na my begeleier te gaan, aanvanklik drie keer tweeweekliks en daarna maandeliks.*
6. My CV in kort:
7. Die redes waarom ek dink ek sal 'n goeie spirituele begeleier kan word:
8. Is jy in 'n situasie waarin mense jou hopelik sal vra om hulle te begelei?
9. Dink jy dat jy gereed is om jou oop te stel vir 'n spiritualiteit wat jou op pad neem en wyer laat kyk?
10. Indien jy getroud is, sal jou gade jou ondersteun t.o.v hierdie pad waarop jy gaan reis?
11. My swak punte:

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Willie Crous*** *[072 536 6775, willie.crous@gmail.com]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug

Algemene Sinode

Vakature – Finansiële beampte

POSISIE: BOEKHOUER

Algemene Sinodalekantoor, Hatfield, Pretoria

Minimum kwalifikasies (essensieel): Matriek

Kwalifikasies (aanbeveel): Toepaslike Tersiêre kwalifikasie
(Bv. Diploma in Boekhouding, Toepaslike Tersiêre kwalifikasie)

Minimum toepaslike ondervinding (jare):
• Ten minste 10 jaar toepaslike ervaring van boekhouding tot op proefbalans vlak
• Ten minste 5 jaar ervaring in die NG Kerk omgewing sal 'n sterk aanbeveling wees

Verantwoordelikheid:
• Insleutel van transaksies op beide Pastel Partner en Sage ERP 300
• Rekonsiliasies
• Voorbereiding van boeke tot op proefbalans vlak
• Bystand met opstel van finansiële state
• Bystand met opstel van begroting
• Kontrolering van begroting
• Bystand tydens oudit
• Hantering van debiteure en krediteure
• Voorbereiding, opstel en verkryging van goedkeuring van betalings
• Byhou van bate register
• Toepaslike finansiële administrasie

Rekenaar geletterdheid (essensieel):
• Pastel Partner en Sage ERP 300 of verwante rekeningkundige sagteware
• Kennis van MS Office
* MS Excel (Intermediêr)
* MS Word (Basies)
* MS PowerPoint (Basies)
* MS Outlook
• Internet gebruik en 'n werkbare kennis van die instandhouding van 'n databasis.
• Aanvaarbare tikspoed en vlak van korrektheid.

Taalvaardighede: Afrikaans en Engels (Lees, praat en skryf)

Vereiste vaardighede:
• Baie goeie syfer vaardighede
• Besondere akkuraatheid in uitvoering van pligte
• Moet in staat wees om eie werk te beplan, organiseer en te implementeer
• Gemaklik te kommunikeer binne spanverband, na buite en op senior- en professionele vlak
• Goeie organisasie vaardighede

Ander posvereistes
• Verkieslik ervaring in die NG Kerkverband
• Verkieslik lidmaat van die NG Kerk
• Bestuurderslisensie

Aansoeke
Volledige cv's kan gestuur word aan: Sophia de Kock sophiadk@ngkerk.org.za

Navrae kan gerig word aan: Pieter van Rooyen pieter@clshr.co.za

Sluitingsdatum vir aansoeke: ***25 Augustus 2017***

Terug